# VOORWOORD

Die konferensie wat op 15 Junie 1990 deur die Departement Privaatreg van die PU vir CHO aangebied is, het een van die knellendste vraagstukke wat tans in Suid-Afrika bestaan onder die soeklig geplaas. Die misbruike waaraan kinders blootgestel is, is dikwels die onderwerp van sensasionele berigte in die verskillende media. Dat die publiek van hierdie praktyke moet kennis neem, is sekerlik nodig. Dit is egter onontbeerlik dat effektiewe stappe ook geneem moet word om hierdie praktyke te bekamp en effektief te voorkom. 'n Noodsaaklike deel van die legkaart wat in hierdie konteks aan die orde gestel en beoordeel moet word, hou verband met die verskillende fasette van die regsposisie van die gemolesteerde kind. Die aanbieding van die bydraes in hierdie uitgawe van *Koers* wil die boodskap van die kompleksiteit en aktualiteit van die problematiek wat die afkeurenswaardige praktyk waaraan kinders onderwerp word, beklemtoon en verder uitdra. Met hierdie konkrete uitvloeisel van die Konferensie ter hand, kan die dankbaarheid teenoor diegene wie se finansiële bydrae die geleentheid moontlik gemaak het, nie uitbly nie.

Die ruim bystand wat van adv. L.J.C. du Preez, *Rapport*, Volkskas Beperk en Southern Lewensassosiasie Beperk ontvang is, word gevolglik hiermee met dank erken.

Prof. C.R. de Beer
Dekaan, Fakulteit Regte

# PREFACE

The conference which the Department of Private Law offered on 15 June 1990 investigated one of the most crucial and topical present-day legal issues in South Africa. The abuses to which children are subjected are often the subject of sensational reportage in various media forms. It is certainly essential that the public should take note of these practices, but it is also essential that effective steps should be taken to curtail and effectively prevent these practices. An essential part of this complex issue which has to be highlighted in this context is linked to the different facets related to the legal position of the molested child. The publication of the relevant contributions in this issue of *Koers* is an attempt to emphasize and disseminate the complexity and topicality of the problem centring on the invidious practices that children are subjected to. One cannot but express cordial appreciation to the financial sponsors of the conference now that this concrete result, the final publication of the papers, has come to hand.

We would like to acknowledge the generous support of Adv. L.C.J. du Preez, *Rapport*, Volkskas Ltd. and Southern Life Association Ltd.

Prof. C.R. de Beer
Dean, Faculty of Law